

FONETIEK VIR EERSTEJAARS: 'N KORT WAARDERING

D.P. Wissing

1 Inleidend

Anna E. Coetzee se handboek Fonetiek vir eerstejaars (hierna afgekort tot FE) het in 1981 by H & R-Academica verskyn. Volgens die Voorwoord is die "... hoofdoel van die boek om enige beginner in staat te stel om fonetiek vinnig en maklik te bemeester". Die beginner waarna verwys word, is die eerstejaar, waarskynlik die eerstejaar in Afrikaans(-Nederlands). Dit is moeilik om agter te kom presies wat bedoel word met "... fonetiek vinnig en maklik (te) bemeester". Op p. 11 lees ons: "Een van die belangrikste oogmerke van die fonetikus is om die gesproke taal in skrifvorm weer te gee, m.a.w. om fonetiese transkripsies van die gesproke taal te maak". Elders word 'n aanduiding gegee dat fonetiese kennis ook belangrik is, omdat (fonetiese) distinktiwe kenmerke in (fonologiese) beskrywings gebruik word: "... en word ook aangetoon hoe die distinktiwe kenmerke van die Transformasioneel Generatiewe Fonologie in beskrywings gebruik word". (Voorwoord) FE het dus blykbaar ten minste twee oogmerke:

- (1) om die beginner in staat te stel om stukke Afrikaans foneties te kan transkribeer, en
- (2) om die beginner in staat te stel om fonologiese beskrywings (reëls) te kan interpreteer.

Die vraag wat nou ontstaan is natuurlik: in hoe 'n mate slaag dié werk in die bereiking van hierdie oogmerke? Hierdie vraag sal in §2 aandag kry.

Wanneer verder gelees word dat FE "... oorspronklik geskryf (is) om 'n hulpboek by die bestaande literatuur oor die Afrikaanse Fonetiek te wees", kom daar 'n tweede vraag by 'n mens op: Wat is die presiese plek wat FE in die bestaande literatuur oor die Afrikaanse fonetiek inneem? Het dit 'n bestaansreg? Vul dit dus 'n leemte? Ook hierdie vrae kry in §2 en weer in §4 aandag.

In §3 sal vlugtig na die volgende aspekte van FE gekyk word:

- die organisasie van die hoofstukke, en
- die juistheid van die inhoud en die duidelikheid waarmee dit aangebied is.

Laastens sal 'n geheelwaardering van die werk, met inagneming van die bespreking van §2 en §3, in §4 uitgespreek word.

2 Bereik FE sy oogmerke?

In 1 (1) en (2) hierbo is die oogmerke van FE uiteengesit. Hierdie twee oogmerke word hieronder in (a) en (b) bespreek.

- (a) *Stel FE die beginner werklik in staat om stukke Afrikaans foneties te kan transkribeer?* (vgl. (1))

FE gee 'n volledige lys van die fonetiese alfabet (pp. 14-18) plus 'n lys van die konvensies wat van toepassing is by die maak van transkripsies (pp. 18-19). Na die juistheid al dan nie van dié lyste word vlugtig in §3 hieronder teruggekeer. Dié gegewens is sekerlik nodig ter bereiking van oogmerk (1). Die vraag is of dit ook volledig is. Aan die ander kant is dit natuurlik ook moontlik dat FE oorbodige inligting verskaf, inligting wat dus ónnodig is vir die bereiking van dié oogmerk. Ons kyk eers na die volledigheid van die inligting en dan na die moontlike oorbodigheid daarvan.

Soos dit tereg op p. 19 gestel word, word 'n transkripsie gemaak van dit wat *gehoor* word. Ervaring leer egter dat studente nie altyd hoor wat wel gesê word nie. Hulle moet dus opgevoed word om foneties presies te luister. Byvoorbeeld: die verskillende vorme van assimilasie word nie altyd presies waargeneem nie, en sal dus ook nie getranskribeer word nie. Dieselfde geld vir die glyklanke wat tussen vokale in dieselfde woord uitgespreek word. Dit geld vir selfs relatief bekende klankverskynsels soos nasalering.

Aangesien FE baie min doen aan dié opvoeding, wil ek dit ook betwyfel of dié boek die student volledig sal help om oogmerk (1) te bereik. Op p. 60 word byvoorbeeld heelwat voorbeelde van nasalering in Afrikaans gegee, en die klankomgewings waarin dit gebeur, word informeel beskryf. Gevalle van palatalisasie word by wyse van die gee van voorbeelde waarin dit kan voorkom, aangegee (p. 17). Maar belangrike verskynsels soos assimilasie (m.n. nasaalassimilasie en stemassimilasie), konsonant-skrapping, en baie vorme van vokaalverandering word nie aangeraak nie. Sonder dié inligting kan dit nie van 'n student (veral nie 'n beginner nie) verwag word om 'n juiste fonetiese transkripsie te kan maak nie. Dit bly dus steeds die taak van die dosent om self hierdie inligting by FE te verskaf.

Aan die ander kant word heelwat gegewens wat vir die maak van transkripsies onnodig is, in FE ingesluit. Dit is natuurlik moontlik dat dié inligting met die oog op die bereiking van (2) hierbo gegee word. As gekyk word na dié gegewens, sal (sonder om dit te beredeneer) besef word dat dit nie die geval is nie: die behandeling van die geskiedenis van skrif (hoofstuk 4) en selfs van die spraakapparaat (hoofstuk 5) is grotendeels nie ter sake by die bereiking van (2) nie. En anders as wat dikwels aangeneem word, is veral 'n kennis van die spraakapparaat streng gesproke ook nie eens nodig vir die maak van 'n goeie transkripsie nie. Dit is gewoonte om die spraakapparaat in fonetiekboeke (soos dié van De Villiers (1965) en Van Wyk (1977)) uitvoerig te bespreek. Soos Roux (1981) in sy resensie van die werk van Van Wyk (1977) aangedui het,

is dit prakties onmoontlik om op grond van gewone impressionistiese waarneming, waarop die artikulatoriese fonetiek hom gewoonlik verlaat, vas te stel presies watter onderdele van die spraakapparaat presies watter aksies uitvoer wanneer 'n bepaalde klank uitgespreek word. (Vir die meeste studente is dit selfs moeilik om 'n relatief eenvoudige taak uit te voer, soos om vas te stel of 'n klank stemloos of stemhebbend is, m.a.w. of die stembande by die voortbring daarvan tril of nie. Roux gee 'n aantal ander voorbeelde hiervan op p. 20). Nou, as dit nie sonder meer gedoen kan word nie, is dit ook redelik om 'n vraagteken te plaas by die volledige behandeling van die spraakapparaat wat by die uitspraakaksies betrokke sou wees, séker as die hoofdoel bloot die maak van transkripsies is. Myns insiens sou dit beter wees om hierdie bespreking heeltemal weg te laat en om die ruimte daarvan vir 'n behandeling van die reeds genoemde ontbrekende klankverskynsels te gebruik.

- (b) *Stel FE die beginner werklik in staat om fonologiese beskrywings te kan interpreteer? (Vgl. (2))*

Die antwoord hierop is bondig. In soverre fonologiese reëls (voortaan F-reëls) uit distinktiwe kenmerke (en soms informeel uit fonetiese tekens) bestaan, gee FE meestal voldoende en volledige inligting: omskrywings van die nodige kenmerke (in §2.3 vir alle klanke en weer in §6.1 vir vokale), en kenmerkmatr ekse (in §6.4 verkorte matr ekse van vokale en in §7.2 vir konsonante, en in §9.1 volledige matr ekse vir alle onderliggende segmente van Afrikaans). Ook die betekenis van F-reëlkonvensies word vlugtig uitgelê.

Ook vir die bereik van oogmerk (2) is die behandeling van die spraakapparaat (hoofstuk 5) grootliks onnodig. Daar kan waarskynlik vir die doeleindes van 'n beginner volstaan word met die kort omskrywings wat in §2.3 (3 bladsye) gegee word.

In §1 hierbo is die vraag ook gestel of FE 'n leemte in die literatuur vul. In die lig van die bespreking tot dusver kan gesê word dat FE, sover dit die inhoud daarvan betref, grootliks nie 'n leemte vul nie: die inligting wat dit vir die maak van transkripsies gee, is nie nuut nie en ook nie volledig nie, en die inligting in verband met die gebruik van distinktiwe kenmerke in die F-reëls van 'n TG-fonologie ewemin. Dit kan geredelik in bestaande Afrikaanse werke gevind word. FE kon 'n leemte vul in sover dit naas die TG-inligting redelik volledig ingaan op die tradisionele beskrywingswyse van klanke. Dié voordeel van FE sal egter slegs onder leiding van 'n bekwame dosent tot sy reg kom, omdat die gegewens deurmekaarloop, en dit onwaarskynlik is dat 'n beginner sy weg alleen daarin sal kan vind. (Kyk ook §3 hieronder vir 'n bespreking in meer besonderhede van wat hier bedoel word.)

3 Enkele ander aspekte van FE

3.1 Die organisasie van FE

FE is soos volg in hoofstukke verdeel (dit wat in hoekige hakies staan, is my eie invoeging):

1. Wat is klankleer?
2. Om byderhand te hou [fonetiese alfabet, transkripsiekonvensies, omskrywing van onderskeidende kenmerke met enkele voorbeelde; geen matrikse]
3. Waarom 'n fonetiese alfabet naas ons gewone Romeinse alfabet?
4. Die geskiedenis van skrif
5. Die spraakapparaat
6. Vokale [taksonomies en TG]
7. Konsonante [ook taksonomies en TG]
8. Die sillabe, intonasie en klem
9. Die gebruik van onderskeidende kenmerke in fonologiese reëls
10. Stukke om te transkribeer
11. Publikasies oor die Afrikaanse fonetiek en fonologie
12. Saakregister

Dit is basies 'n logiese opbou in terme van die opeenvolging van hoofstukke. Wat pla, is die plek wat 'n belangrike hoofstuk soos hoofstuk 2 inneem: dit is veronderstel om 'n soort samevattende verwysingshoofstuk te wees, maar omdat hoofstukke 6 en 7, waarin die kenmerkmatrise pas ontwikkel word, hierná volg, kan hoofstuk 2 uiteraard dié belangrike gegewens vir naslaandoeleindes nog nie bevat nie. 'n Mens sou kon verwag dat die fonetiese alfabet wél in hoofstuk 2 behou word, maar dat die omskrywing van die kenmerke in hoofstukke 6 en 7 gedoen kan word, en dat die samevattende matrikse dan in 'n aparte kort hoofstuk ná hoofstukke 6 en 7 gegee kan word.

Wat verder onduidelik is, is juis die gee van taksonomiese én TG-informasie. Soos in §2 hierbo reeds aangedui is, kon dit 'n positiewe bydrae van FE gewees het. Maar dit is nie altyd duidelik met watter sisteem die leser op 'n bepaalde punt te doen het nie. Vergelyk byvoorbeeld §7.2 waar daar gesê word dat die artikulasiepunte van konsonante volgens albei metodes beskryf sal word. Aangesien beide metodes egter terme soos *frikatief*, *nasaal*, *lateraal* gebruik, en aangesien die twee beskrywingsmetodes nie onder twee aparte hoofde behandel word nie, maar deurmekaar loop, is dit onduidelik wanneer 'n mens met watter sisteem te doen het. Die dosent sal ook hier 'n belangrike rol moet speel in die uitmekaar haal en hou van gegewens. Dit is ook onduidelik waarom in hoofstuk 2, wat juis 'n samevattende, om-byderhand-te-hou-hoofstuk is, net na die TG-sisteem verwys word. Dit skep die indruk dat voorrang verleen word aan die TG bo die taksonomiese. Die insluiting van hoofstuk 9 versterk hierdie indruk. Op sigself is dit nie erg nie, maar dit sou m.i. goed

wees as die rede daarvoor geëksplisiteer is. Die leser kan dalk deur hierdie implisietheid verwar word.

3.2 Die juistheid van die inhoud; die duidelikheid van aanbieding

Basies getuig FE van 'n deeglike kennis en voorbereiding van die skryfster. Daar word, soos in enige werk miskien die geval is, 'n aantal stellings gemaak waarvan die juistheid disputabel is, maar wat selde sonder meer foutief is. Ek noem hier net 'n paar sulke gevalle:

p. 18: "Die halfvokale (glyklanke): (*h*) [*moes wees* [*h*] --- D.P.W.] [*h*art] hart [*j*] [*jas*] jas [*w*] [*kwēs*] kwes ..."

Dit word op p. 65 ook *glyers* genoem. (Vgl. ook p. 58.) My persoonlike siening hiervan is dat hierdie konsonante is en nie glyers nie. Glyers kom tussen vokale voor, soos in [*tre:hə*] *treë*, [*plu:wə*] *ploeë* en [*dri:jə*] *drieë*.

p. 42: Halfvokale het die kenmerk + Vok, maar op p. 85 is hulle - Vok (lg. is volgens my juis).

"Vokale het geen obstruksie in die spraakkanaal nie ..." (op p. 21 is dit *mond*kanaal --- m.i. is lg. juis).

"[+ duur] : 'n Vokaal kan so lank uitgespreek word as wat 'n spreker se asem hou." Op p. 22 word tereg bygevoeg dat die lug nêrens in die spraakkanaal onderbreek word nie. Volgens dié aangehaalde gedeelte is ook die nasale ([*m n ŋ*]) + Duur. Maar op p. 85 word hulle aangegee as - Duur. M.i. is hulle wel + Duur. (Van Wyk 1974:81 gee hulle egter ook aan as - Duur.)

p. 52: [*a*] word aangegee as + Voor, [*A*] as + Agter. Volgens my is albei - Voor - Agter. (Vgl. ook FE p. 84).

p. 69: [*s*], [*z*] en [*ʃ*] word aangegee as + Kor, - Hoog. Roux meen egter dat [*ʃ*] - Kor, + Hoog is (Roux 1979:78, 84). Volgens my het Roux hierin gelyk.

p. 76: "Die sillabe is die maklikste herkenbare klankgreep in spraak." M.i. is enkele klanke (segmente) makliker herkenbaar. Dit grond ek op ervaring met kinders se skrif: hulle het meer moeite met die herkenning van sillabes as van klanke. Ook tiksters het dikwels moeite met die "afkapping" van woorde (op sillabegrense) aan die einde van 'n reël.

p. 87: 'n Meervoudsreël word gegee waarin 'n kenmerk + Diftong gebruik word. Dit word nie gemeld uit watter bron die reël oorgeneem is nie (dieselfde geld vir die ander reëls in hoofstuk 9), behalwe dat aan die begin van dié hoofstuk die volgende gemeld word: "Raadpleeg in dié verband *verder* De Bruto en Wissing 1979, en Van Wyk in Van Rensburg e.a. 1973" [*ek kursiveer* --- D.P.W.]. In geen van hierdie werke word 'n + Diftong-kenmerk gebruik nie. Dit is dus onduidelik in watter mate hierdie reël aangehaal is of self geskep is.

Benewens dié opmerkings oor die inhoud van die werk is daar ook enkele gevalle waar die inhoud moeilik geïnterpreteer kan word weens 'n onduidelikheid van formulering, of waar bewerings gemaak word sonder dat dit ondersteun of uitgelê word. Op p. 81 word byvoorbeeld 'n opskrif "Die rol van klem by die uitspraak van vokale" aangetref. Dié rol word egter glad nie uitgelê nie. Benewens 'n enkele opmerking dat sekere "uitspraakverskynsels ... met klem saamhang ...", word 'n aantal voorbeelde van vokaalverandering gegee. Maar hoe klemtoon daarmee saamhang, word nie uitgewys nie. Op p. 90 word 'n Nasaalassimilasie-reël gegee. In dié reël word van Griekse letters gebruik gemaak, maar die betekenis daarvan word glad nie uitgelê nie. Dieselfde geld vir die gebruik van *N* in dié reël.

'n Klein aantal misdrukke kom in FE voor. Ek noem net enkeles:

p. 18: (ʁ) i.p.v. [ʁ̃] .

p. 78: re:kj-koendə i.p.v. re:kj-kæ ndə

p. 98: Wissing, D.P. (1979) i.p.v. (1971).

En dan sou ek sê *erstəja:rs* op die titelblad moes lees *e:rstəja:rs*. Die klem val op dié [e:] én dit staan voor 'n [r] .

Dié misdrukke beïnvloed egter nie die interpreteerbaarheid van die inhoud van die boek nie.

Daar word van 'n hoeveelheid samevattende diagramme gebruik gemaak, wat, soos dit in die voorwoord gestel word, inderdaad "... 'n vinnige en duidelike oorsig oor 'n hele afdeling ... gee". Dit verhoog ook die duidelikheid van die boek, en is pedagogies gesien 'n besliste voordeel van FE. Dit vergoed ook grotendeels vir die mate waarin die boek organisatories mank gaan aan eksplisietheid, soos hierbo reeds aangedui is.

4 Samevattende oordeel

Dié boek is nie sonder gebreke nie, maar ook nie sonder meer onbruikbaar nie. Die boek kan die gestelde hoofdoel "... om enige beginner in staat te stel om fonetiek vinnig en maklik te bemeester" volgens my eie oordeel en ervaring nie bereik nie, altans nie soos ek dié hoofdoel interpreteer nie. Onder leiding van 'n kundige dosent sal dit na my oordeel grotendeels bereik kan word. Maar dan moet die dosent a) duidelik leiding gee by die gebruik daarvan, veral met betrekking tot die uitmekaarhou van TG- en taksonomiese informasie, en b) baie ekstra aandag gee aan aspekte wat nie in die boek aangeraak word nie, of nouliks aandag kry. Wat laasgenoemde betref, geld dit veral vir die bewusmaking van die student van belangrike klankverskynsels (soos assimilasie) ten einde 'n transkripsie van 'n stuk Afrikaans te kan maak.

Ten aansien van die plek wat dié werk in die Afrikaanse taalkundeliteratuur inneem, glo ek egter ook dat die kundige dosent hierdie oogmerke met behulp van 'n aantal ander handboeke sou kon bereik --- bv. dié van Van Rensburg e.a. (1979).

BIBLIOGRAFIE

- Coetzee, Anna E.
1981 Fonetiek vir eerstejaars. Pretoria: Academica.
- De Villiers, M.
1965 Afrikaanse klankleer: Fonetiek, fonologie en woordbou. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Roux, J.C.
1979 Labialization in Sotho: The role of phonetic data in phonological analyses. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- 1981 "'Praktiese fonetiek vir taalstudente ...': 'n Evaluering". SPIL PLUS 5, 1981:7-43.
- Van Rensburg, M.C.J. e.a.
1979 TG-Fonetiek vir Afrikaans: 'n Werkboek. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Van Wyk, E.G.
1974 "Generatiewe fonologie: 'n Informatiewe Oorsig". In Van Rensburg, M.C.J. e.a.: TGG: 'n eerste oorsig. Taalseminaar 1973.
- 1977 Praktiese fonetiek vir taalstudente: 'n inleiding. Durban: Butterworths.